
## BELANGRIKE VERKIESING INFORMASIE



# Die dubbele stembrief: wat dit vir jou as kieser beteken.

Om die dubbele stembriefstelsel te verstaan, moet ons verstaan waarvoor ons stem.

Volgens die nuwe grondwet, sal Suid-Afrika 'n Nasionale Vergadering en 9 Provinsiale Wetgewende Magte verkies. Wanneer jy stem, sal jy twee stembriefvorms ontvang: een vir die Nasionale Vergadering en een vir die Provinsiale Magte.

**OP STEMDAG**

Wanneer jy op 27 of 28 April na die stempunt gaan, sal jou ID by die deur nagegaan word.

Jy sal binne-in gevra word om jou hande onder 'n ultravioletlig te hou. Jou kneukels sal met 'n onsigbare merkvloeistof gemerk word. Die vloeistof is onsigbaar onder gewone lig, maar is sigbaar onder ultravioletlig. Die ink verdwyn na sowat sewe dae.

**DIE EERSTE STEMBRIEF**

Jou ID sal gestempel word of jou Tydelike Kieserskaart sal ingehandig word en een van die amptenare sal die eerste stembrief vir die Nasionale Vergadering aan jou oorhandig.

Gaan in een van die kiesers-kompartemente in en trek 'n kruisie langs die party vir wie jy wil stem in die Nasionale Vergadering. Plaas dan jou stembrief in die stembus wat vir die Nasionale Vergadering aangedui is. Jou stem sal 'n geheim bly.

**DIE TWEEDE STEMBRIEF**

Nou beweeg jy na die tweede tafel, waar 'n tweede stembrief vir die Provinsiale Wetgewende Mag aan jou oorhandig sal word.

Maak 'n kruisie langs die party vir wie jy wil stem in die Provinsiale Wetgewende Mag. Wanneer jou kruisie getrek is, plaas jy die tweede stembrief in die stembus wat aangedui is vir die Provinsiale Wetgewende Mag. Wanneer jou kruisie getrek is, plaas jy hierdie tweede stembrief in die stembus soos aangedui vir die Provinsiale Wetgewende Mag.

**'N PAAR BELANGRIKE PUNTE**

Onthou, altwee jou stemme sal 'n geheim bly. Behalwe indien jyself vir iemand vertel, sal niemand ooit in staat wees om te weet vir watter party jy gestem het nie.

Jou stem sal slegs tel vir die provinsie waarin jy gestem het.

Indien jy enige navrae het met betrekking tot enige aspek van die stemproses, skakel die OVK tolvry by 0800 11 8000.

**HIERDIE IS JOU VERKIESING**

Die OVK sal by elke stempunt wees om jou stemreg te beskerm – in geheim en sonder vrees vir intimidasie.

Die sukses van die verkiesing hang van jou af. Dis jou reg om 'n demokrasie se sterkste wapen, jou stemreg, te gebruik.

Benut dit ten volle.

**OVK TOLVRY 0800-11-8000**

Skakel hierdie nommer as jy enige vrae het of enige inligting oor die verkiesingsproses nodig het.

IEC/0389/A

IEC

**ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE**

'N VRYE EN REGVERDIGE VERKIESING VIR ALMAL